

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 13

> *Koning Dawid het van alles gehoor en hy was woedend. (vers 21)*

Dawid se reaksie is verstaanbaar, maar ook ongelooflik. Ons lees nêrens dat hy teen Amnon opgetree het of selfs berispe

het nie. Amnon was sy eersteling, en Dawid het dalk ’n ekstra sagte plekkie vir hom gehad, maar hy kon Tamar se verkragting tog nie net so gelaat het nie. Dawid was dalk ’n goeie koning, maar as pa misluk hy tragies. Dit laat ’n mens dink aan die priester Eli se reaksie op sý seuns se skandes (1 Sam 2:22-25).
Dié gebeurtenis het ’n kettingreaksie veroorsaak. Absalom neem die reg in eie hande en vermoor sy broer. Toe vlug hy land-uit en gaan skuil by sy oupa (2 Sam 3:3).
Dawid se voorbeeld word deur sy seuns nagevolg. Hy pleeg owerspel; Amnon verkrag sy suster. Dawid laat Urija vermoor; Absalom vermoor self sy broer.
Iemand het opgemerk: ’n mens se kinders is nes jy, net erger. Soos jy is, so word jou kinders dikwels, want jou voorbeeld gee hulle die leefruimte waarbinne hulle optree. Daarom moet ons só ’n voorbeeld vir ons kinders stel dat hulle dit met vrymoedigheid kan navolg, en selfs beter mense as ons word.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026